

## Persvrystelling

### ***1ste Jaarlikse AfricaPVSEC 2014 in Maart:***

### **Dieselfde fotovoltaïese paneel lewer twee keer meer elektrisiteit in Afrika as in Sentraal-Europa**

- Afrika se oormaat van sonskyn toon dat fotovoltaïese (FV) tegnologie op die regte plek en tyd is om aan die toenemende aanvraag na energie te voldoen.
- Suid-Afrika se mikpunt vir sonkrag: om 8.4 GW van FV-kapasiteit teen 2030 te produseer
- AfricaPVSEC spits hom toe op 'n vinnig-groeiende wetenskapsgemeenskap en die versnelling van FV elektrisiteitsopwekkingstelsels in Afrika.

München/Durban, 18 Februarie 2014 – Die eerste Afrika Fotovoltaïese Sonkragkonferensie en Uitstalling (AfricaPVSEC) sal vanaf 27 tot 29 Maart 2014 in Durban, Suid-Afrika gehou word.

Fotovoltaïese gegenereerde elektrisiteit is 'n belangrike bron van energie wat gereed is om aan die vinnig-groeiende aanvraag na elektrisiteit in Afrika te voldoen, veral waar tradisionele bronne nie meer daartoe in staat is nie. Die eerste PVSEC-byeenkoms op dié vasteland beklemtoon dat daar 'n vinnig toenemende wetenskapsgemeenskap rondom FV sonkrag-opwekking in Afrika is en dat die installering van FV opwekkingstelsels toeneem. Dit belooft om in die onderskeie nasionale ekonomieë van lande in Afrika 'n vernamese ekonomiese faktor te wees.

Die oormaat van sonskyn in hierdie deel van die wêreld is 'n groot bonus vir FV tegnologie in Afrika.

Dr. Arnulf Jäger-Waldau, voorsitter van die Europese Kommissie, DG JRC, en van die AfricaPVSEC Tegnieise Program sê: “Dieselfde fotovoltaiiese paneel in Afrika kan, gemiddeld, twee keer meer elektrisiteit verskaf as in Sentraal Europa. Netwerk pariteit in Suid-Afrika is reeds moontlik. Dit beteken dat investering in sonkrag-tegnologie reeds vrugte dra.”

“Die vernaamste toepassing van FV stelsels in Afrika is hoofsaaklik vir kleiner sonkrag-stelsels in huishoudings. Alle Afrika lande kan as is ‘n potensiële of opkomende mark beskou word,” sê Dr. Arnulf Jäger-Waldau.

Terwyl sonkrag tot onlangs nog as ‘n duur bron van energie beskou is, het die koste van kragopwekking meer vergelykbaar met dié van ander hernubare energie-bronne geword. Elektrisiteit wat deur middel van sonkrag-tegnologie ontwikkel word, kan deesdae met energiebronne uit fossielbrandstowwe meeding.

Slegs deur die uitbreiding van herwinbare bronne sal ‘n volhoubare manier gevind word om die stygende koste aan olie, gas, steenkool en uraan voorkom word. Suid-Afrika se doelwit om FV kapasiteit van 8.4 GW teen 2030 te verskaf, tesame met ‘n suksesvolle en omvattende tenderproses ten einde hierdie doel te bereik, het dié land die mees aantreklike, opkomende FV mark ter wêreld geskep. Dit is volgens die marknavorsingsfirma, IHS Technology.

Suid-Afrika het in die vierde kwartaal van 2013 altesame 66 uit 100 in die *IHS Emerging PV Market Attractiveness Index* behaal.

AfricaPVSEC is gevestig ten einde ‘n internasionale platform daar te stel vir die aanbieding en bespreking van die jongste wetenskaplike resultate. Dit bied ook netwerk-geleenthede aan professionele persone in die sonkragbedryf en aan openbare beleid-belanghebbendes. Die konferensie program dek drie hoofonderwerpe en fokus op die breë spektrum van fotovoltaiiese tegnologie wat wissel van navorsing op fundamentele materiale tot sake- en beleidsevaluerings.

### **FV Tegnologie, Selle, Modules en Stelsels**

Studies van sonkrag-selle en modules, sonkrag selverbeterings; karakterisering (alle tipes sonkrag-selle); FV modules; en BOS-komponente (*balans in sisteem*).

### **Implementering (Tegnies) en Standaardisering**

FV stelselbetroubaarheid en beskikbaarheid; losstaande stelsels; mini-netwerke; netwerk-integrasie van FV stelsels en standaardisering as 'n hulpmiddel vir handel, innovasie en vermindering van koste.

### **In Staat Stelling van Omgewing (Ekonomies)**

FV sake-geleenthede; die koste van FV stelsels in Afrika; sake-planne vir mini-netwerke, FV in die markte vir elektrisiteit; finansiering van FV in Afrika; FV globalisering, regulerende raamwerke; en beleidsontwikkelings.

AfricaPVSEC het aansoeke van 111 organisasies in 38 lande ontvang om mondelinge of visuele aanbiedings te doen by die konferensie in Durban.

Bykomende inligting oor die program van die AfricaPVSEC-konferensie sal in die volgende paar dae bekend gestel word.

### **Agtergrond:**

AfricaPVSEC is 'n inisiatief van EU PVSEC en SNEC, 'n vennootskap wat gevorm is ten einde die fotovoltaiëse sonkrag-energiesektor in Afrika te bevorder en kundiges, navorsers, openbare owerhede, verteenwoordigers van internasionale organisasies, donateurs en nie-regeringsorganisasies bymekaar te bring. AfricaPVSEC word deur Europese en internasionale organisasies ondersteun, insluitende die Europese Kommissie, die *Asian Photovoltaic Industry Association* (APVIA), die *African Renewable Energy Alliance* (AREA), *ECOWAS Regional Centre for Renewable Energy and Energy Efficiency* (ECREEE), die *International Photovoltaic Equipment Association* (IPVEA), die *International Renewable Energy Agency* (IRENA) en die Universiteit van Johannesburg.

Die Konferensie-program word deur die Europese Kommissie en die *DG Joint Research Centre* gekoördineer.



Vir meer inligting, besoek gerus: <http://www.africapvsec.info/cms/>

**Kontak:**

info@africapvsec.com

Tel.: +49-(0)89/720 12 735

Tel.: +39-055 500 21 74 ext. 204